Rapport

30 September 2012



# G'n Paasskou dié nie, pappie

## Besoekersgetalle by Sexpo swel ná 50 Shades

HANRI WONDERGEM
IN JOHANNESBURG
hanri.wondergem@media24.com

Skrapse klere, geoliede lywe, stoute speelgoed, pornosterre, masochiste en sadiste, ontkleevertonings, sweefstoktoertjies en Jan Alleman.

Dit is alles deel van Sexpo wat die naweek in Johannesburg aangebied is.

Die organiseerder sê dis die grootste uitstalling in sy soort ter wêreld. En die doel is "om mense in te lig, te vermaak en seksualiteit te vier".

Waar sommige besoekers bloos as hulle uitgevra word, antwoord ander met selfvertroue oor hul teenwoordigheid daar.

"Ek was baie eng grootgemaak, mens is nie dié goed gewoond nie," sê Sunette Els (46), wat Sexpo die eerste keer besoek het. "Ek het nie geweet wat om te verwag nie, maar ek het nog niks walgliks gesien nie."

En dan poseer sy vir 'n foto by 'n reusagtige penis wat uit spons gemaak is.

Dit was die vierde keer dat Boyd Smit (49) 'n draai by Sexpo kom maak het. "Dis goed om na die praatjies te luister en op die hoogte te bly van wat op die mark is."

Daar is applous toe die Australiese kunstenaar Pricasso die omstrede *The Spear*-skildery van pres. Zuma voltooi deur sy penis as kwas te gebruik.

"Hy verf die spies met sy

**Die bekende radio-omroeper en platejoggie Tony Blewitt beskerm die model Ceondre Ford se kuisheid by Sexpo.** | FOTO: PLAYBOY/MARIOLA BIELA

**Miss Paige en haar sakevennoot, Miss B, besit saam 'n pynlik unieke onderneming, Different Strokes for Kinky Folks. Hier piets sy haar hand vir die lekkerte.** | FOTO: NICOLENE OLCKERS

spies," voel iemand dis nodig om hardop te sê.

Op 'n leerbank by 'n stalletjie lê 'n geblinddoekte vroulike besoeker van 40 op haar maag. Sy is konserwatief aangetrek, haar hande en bene agter haar rug vasgebind. Ten aanskoue van 'n skare mense raps 'n man met 'n kaal bolyf haar op die boude met 'n houtplank.

"Dis die eerste keer dat ek so iets waag en dit was regtig ongelooflik," sê sy ná die tyd en vryf haar gewrig waar die tou haar gekneus het.

"Ek was nog altyd nuuskierig oor dié soort ding, maar ek sal dit beslis weer doen."

Baie paartjies kom saam na die Sexpo om maniere te vind om dinge in die slaapkamer op te kikker.

"Mens koop sulke pretpakkies vir paartjies. Dan is daar allerhande bederfies in soos 'n handskoen wat jou masseer, vibrators en so aan," sê 'n man.

"Elkeen het iets anders wat hom of haar opgewonde maak," sê Miss B. Haar stalletjie se naam is Different Strokes for Kinky Folks.

Sy verkoop planke en latte soos dié waarmee die vrou pas geslaan is. En die omstrede seksboek *Fifty Shades of Grey* het beslis 'n invloed op verkope, sê sy.